# Teologieë as gevaarlike mensemaaksels: Burton Mack se evaluasie van vroeg-Christelike mites

**Johan Strijdom**
**Departement Klassieke**
**Universiteit van Suid-Afrika**

**Abstract**

**Theologies as dangerous human constructs: Burton Mack's evaluation of early Christian myths**

*After an introductory explication of the social approach to myths/theologies and a consideration of the ethical urgency for such a humanistic strategy, this article offers a systematic survey of Burton Mack's incisive criticism of early Christian mythology and its influence on Western (specifically American) civilization. His cynical reading, which claims to take its cue from deconstruction, is assessed under three headings (which are inevitably interrelated): (1) The evangelical meaning of Jesus' death: the victimization of Jews; (2) The apocalyptic myth as social nightmare: the collusion of innocence and power, and (3) From diverse origins to reduced end product and back: the decanonization of the Christian Bible as ethical necessity. As a programmatic suggestion of how Mack's contribution can be taken further, the essay concludes by juxtaposing Mack's myth criticism with that of a selection of scholars (Crossan, Voltaire) and Polish poets (Zagajewski, Szymborska), whose points of view may serve not only to corroborate, but especially, to critically refine Mack's perspective.*

## 1. INLEIDING

In 'n film, getiteld *Manufacturing consent*, som Noam Chomsky (1988) die doel van sy sistemiese analise van magstrukture so op: 'These are not just academic exercises .... There are real human beings who are suffering and being tortured and starving because of politics we are involved in.' Die sosiologiese analise van mites deel hierdie etiese erns, deurdat dit die mitiese fundering van sosiale gedragspatrone wil blootlê en krities deurdink. In die enger sin dui die term 'mite' op enige verhaal oor die ingrype van God of die gode in menslike geskiedenis en is dit semanties uitruilbaar met die term



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

teologie. So sou ons kan praat van die teologie/mitologie van Homeros of van die Kronis of van Paulus. In die breër sin word die term gebruik vir enige denkkonstruk wat die waardes van 'n bepaalde samelewing of groep dra en is dit sinoniem met ideologieë soos Marxisme, nasionalisme, ensovoorts. Vanuit 'n humanistiese hoek gesien, verteenwoordig beide gevalle 'n gedagtekompleks as die produk van die menslike brein: samelewings (of in elk geval begaafde indiwidue in 'n groep) skep mites deur bestaande beelde in hulle kulture te herrangskik as 'n respons op hulle omstandighede, en hierdie skeppinge/mensemaaksels kan op hulle beurt weer 'n diepgaande invloed op daardie einste maatskappy uitoefen — ten goede of ten kwade. So kan sommige mites onewe magsverhoudinge legitimeer (bv die ondergeskikte rol van vroue, kinders, klasse of rasse), terwyl ander mites eksploiterende strukture kan kritiseer deur alternatiewe voor te hou.

Burton Mack, Nuwe-Testamentikus te Claremont in Kalifornië, volg in sy werk eksplisiet so 'n humanisties-sosiologiese benadering tot godsdiens om na te dink oor die verhouding tussen samelewing aan die een kant en simboliese stelsels van mites en rites aan die ander kant. Waarin hy veral geïnteresseerd is, is die invloed van sekere vroeg-Christelike mites op die Westerse verbeelding — nie as 'n positiewe mag wat al te maklik geromantiseer word nie, maar as 'n gevaarlike denkkonstruk wat al te dikwels 'n verblindende en verdoemende effek op ons gedragspatrone uitgeoefen het.

In hierdie bydrae word Mack se siniese lees van Christelike mites onder drie hoofde saamgevat: die onregverdigbare projeksie van aggressie op Joodse sondebokke in die evangelies, die gevaarlike apokaliptiese rasionalisering van onskuld en mag, en die kanon as onhoudbare reduksie van veelvoud. Hoewel hierdie komplekse onvermydelik in mekaar gryp en Mack se kritiek deurgaans vanuit 'n post-moderne perspektief geïnformeer is, behandel ek die drie aksente tog afsonderlik om die patroon van Mack se denke so duidelik moontlik te maak. My slotopmerkings het ten doel om verdere refleksie op Mack se argument te stimuleer deur sy mite-kritiek langs dié van enkele ander outeurs te plaas.

## 2. DIE 'EVANGELIESE' BETEKENIS VAN JESUS SE DOOD: DIE VIKTIMISERING VAN JODE

Uit sy lees van Westerse letterkunde (veral klassieke tragedies en moderne novelles), die psigologie van Sigmund Freud en godsdienshistoriese studies oor mites en rites het René Girard, die Franse filosoof en letterkundige van Stanford, 'n algemene sosiaal-psigologiese teorie oor kultuurvorming kon ontwerp. Hiervolgens lê geweld en konflik nie net aan die basis van alle groepsvorming, kultuur en godsdiens nie, maar is 'n sondebokmeganisme voorwaarde vir hierdie formasies: om groepsvorming en kultuur



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

hoegenaamd moontlik te maak, is 'n gemeenskaplike sondebok nodig waarop die groep hulle aggressie kan projekteer. Girard reken dat godsdienste 'n oplossing op hierdie krisis bied deur middel van offerrituele, wat nie die harde funksie van die ritueel (die projeksie van aggressie op 'n sondebok) onthul nie maar eerder 'n mite skep wat die reddende effek van die offer beklemtoon. Trouens, as die sluier van hierdie illusie gelig sou word en die meganisme deur die kritikus (Girard self!) onthul sou word vir wat dit is, sou die ritueel nie net sy krag verloor nie maar die interne uitwissing van die groep in die hand kon werk. Girard meen egter dat daar wel 'n teks is wat 'n oplossing vir hierdie dilemma kan bied en sosiale welwese kan bevorder: die anderssoortige wyse waarop die Christelike evangelie die probleem van geweld hanteer. Hier, meen hy, word die aakligheid van viktimisering ontmasker deurdat dit eksplisiet as sosiale onreg uitgewys word vanuit die perspektief van die onskuldige slagoffer(s) self. In ander Westerse letterkunde, daarenteen, word die viktimiseringsmeganisme altyd verskans, omdat dit vanuit die viktimiseerders se blinde perspektief geskryf is. Girard sien dit as sy etiese plig om, in lyn met die kritiese houding van die Christelike evangelie teenoor geweld, sosiale onreg bloot te lê deur die viktimisering van onskuldige groepe uit te wys aan die viktimiseerders en die gevaarlike sosiaal-psigologiese dinamiek van viktimisering sodoende van sy krag te ontneem.

Burton Mack se histories-kritiese analise van die vroeg-Christelike tradisies dwing hom egter om ten sterkste standpunt in te neem teen die optimistiese heilsbetekenis' wat Girard in die evangelies lees. Mack (1985:148) meen, trouens, dat die evangelies self produkte is van sosiale konflik en skuldig staan aan demoniese viktimiserings. In plaas daarvan om 'n oplossing te bied vir die probleem van viktimisering, voorsien die evangelies eerder uitmuntende illustrasiemateriaal vir hierdie sosiaal-psigologiese dinamiek! Eerder as om die sondebokmeganisme aan die kaak te stel, soos Girard beweer, verskans die evangelies volgens Mack dit eerder by wyse van 'n dubbele bedrog. Die viktimisering wat Girard in ander tekste buiten die evangelies sien, bespeur Mack eweneens in die evangelies — selfs in 'n veel gevaarliker gewaad. Die evangelies word vanuit die perspektief van die vroeë Christene vertel wat hulle held en hulleself as onskuldige slagoffers en die Jode as viktimiseerders voorstel. As 'n historiese bewering is die stelling vals, aangesien die Romeine Jesus laat kruisig het. As 'n mitiese skepping wys dit egter vir ons hoe hierdie Christene, weens konflik met die sinagoge, die skuld vir Jesus se dood toenemend op die Jode geprojekteer het en so hulle aggressie oor 'n mislukte sosiale eksperiment in die eerste plek gerig het teen die sosiale struktuur waaruit hulle gebore is: in Markus, wat kort na die Joodse oorlog (70 n C) geskryf is, word die val van die Tempel verstaan as deel van 'n apokaliptiese scenario waarin God se regverdige straf oor die Jode gekom het weens hulle verwerping van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Jesus as messias. Mack (1985:156) konkludeer: 'So who are the persecutors writing the gospels? They are Christians. And who are the victims? They are the Jews. And what is unique about the Gospels? That the victims are cast as persecutors of an innocent victim.' Die evangeliese viktimisering van intieme opponente vertoon volgens Mack (1985:157) dus duidelik die tekens wat Girard universeel in groepsvorming geïdentifiseer het:

> They are there, in fact, as in no other text Girard has given us to illustrate his thesis. Mimetic desire, rivalry, the emergence of the monstrous double (surely we don't need the references to remind us), the hysteria of ecstatic experience, and the violence done to history, tradition, texts, and reputations as the 'guilty' victim is obliterated in the attempt to possess its true being for oneself. The double deceit which makes this sacrifice of the surrogate victim especially dangerous is that, not only is the scapegoat mechanism fully in operation, it is carried through under the sign of innocence. Thus there is no peace resulting from this sacrifice.

Deur hulleself as onskuldige slagoffers voor te stel en hulle aggressie teen hulle moedergodsdiens te rig, het hierdie vroeë Christene volgens Mack verseker dat die ryk van vrede waarna hulle smag, nie sou aanbreek nie en die verlossing wat hulle verkondig, nie sou realiseer nie. 'n Mite van onskuld is geskep ten koste van ander — 'n sosiaal-onregverdigbare dinamiek wat slegs blootgelê kan word deur die tragiese geskiedenis vanuit die Jode (as die slagoffers) se perspektief te vertel. Hy som die eskalering van die dinamiek so op:

> This sorry plot [i e, dié van die evangelies — JS] lies at the very foundations of the long, ugly history of Christian attitudes and actions toward Jews and Judaism. The destruction of their city was only a sign. They did not vanish as was their due and thus were there to reap repeatedly the wrath of God in anticipation of the final, apocalyptic resolution. No thinking person can justify this long history, nor doubt that the gospel has justified it in the eyes of Christians. Boring and distasteful, the documents pile up from the time of the early church, through the adversus Judaeos literature, to the crusades, reactions to the plagues, Catholic doctrine, Luther's pronouncements, German tracts of the nineteenth and



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> early twentieth centuries, common clichés in New Testament scholarship, and the anomaly of anti-Semitic attitudes that emerge throughout the third world wherever the gospel is read today. The Nazi enactment of the final solution forty years ago may have been tainted by pagan desires. But the rationale was Christian. The holocaust was also a gospel event.
>
> (Mack 1988:375)

Die evangelies bied dus volgens Mack beslis *NIE* 'n oplossing op die probleem van sosiale geweld en viktimiserings nie, maar onderstreep dit eerder. 'n Oplossing moet volgens hom elders gesoek word, te wete in 'n post-moderne verbeelding wat multikulturaliteit en verdraagsaamheid bevorder eerder as inhibeer: 'the world is ... a richly woven tapestry, interesting and elegant precisely because of its many patterns, worthy of its wisdoms' (Mack 1988:373). Dit is eers as ons leer om mekaar te waardeer in ons veelkleurige en normale verskillendheid, dat billike dialoog moontlik kan word en die eerlike gee-en-neem in 'n multikulturele gemeenskap 'n werklikheid kan word.

## 3. DIE APOKALIPTIESE MITE AS SOSIALE NAGMERRIE: DIE SAMESPEL VAN ONSKULD EN MAG

Die apokaliptiese fantasie in die vroeë Joods-Christelike tradisie kan volgens Mack (1988:38) gedefinieer word as die patetiese respons van gemarginaliseerde groepe op situasies van sosiale konflik. Die apokaliptiese denkpatroon projekteer 'n uiteindelike ommekeer van rolle, waarin die eie groep reg bewys sal word deur God ten koste van die buite-groep. Vir hierdie doel word 'n rein en magtige heldefiguur bedink wat enersyds uitkoms sal bring vir die binne-groep, maar andersyds veroordeling vir die opponente. Die reaksie behels altyd die selfregverdiging van die eie minderheidsgroep, wat nie hulle probleme self kan oplos nie, en die skerp verdoemenis van die opponente onder die vaandel van goddelike sanksionering: 'Ons is reg, julle is verkeerd; julle moet tot ons standpunt bekeer word, of — indien julle nie daaraan gehoor gee nie — sal die bloedige straf van God noodwendig volg.' Hierdie verwronge logika het volgens Mack die doel om die eie groep te beskerm en behels altyd die samespel van onskuld en mag — 'n kombinasie wat ingespan kan word om selfs die gebruik van geweld te regverdig.

In Markus, byvoorbeeld, sien ons hoe die mite gedramatiseer is: Jesus word voorgestel as 'n held met ongekende suiwerheid en mag. Hy verskyn skielik op die toneel om by sy doop gesuiwer te word en absolute mag van 'die Gees' te ontvang.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Wanneer Hy met sy missie in Galilea begin, vind Hy dat die mense reeds beset is — deur 'demone'. Sy taak is om, as bemagtigde deur 'God', die mense hiervan te bevry. Markus verskerp hierdie beeld van Jesus as die magtige wat superskoon is, deur die eksorsismes te kombineer met strydgesprekke waarin Jesus altyd die laaste woord spreek. In die tweede helfte van die evangelie word die onskuldige en magtige Jesus natuurlik gedood, maar dit word oorkom deur 'n uiteindelike oorwinning te projekteer wanneer die Seun van die Mens op wolke sal kom om sy suiwerheid en mag finaal te bevestig. Verder word die dood geïnterpreteer as 'n gewelddadige gebeure wat tot die verdiende vernietiging van die tempel sal lei (ons het reeds Mack se analise van hierdie viktimiseringsdinamiek hierbo bespreek). Dit is volgens Mack (1989:7) duidelik dat die Markusevangelie die apokaliptiese mentaliteit aangegryp het as 'n desperate poging om 'n antwoord te bied op die gemeente se eie sosiale probleme van binne-Joodse konflik in die vroeë sewentigs na Christus: 'The mythic frame was compensation for a social program that did not materialize and a founder figure who should have taken the world by storm, but did not. Not yet.'

Die eintlike probleem lê vir Mack egter daarin dat hierdie mentaliteit deel geword het van die Westerse erfenis, nadat die kerk onder Konstantyn in 'n magsposisie gekom het — 'n mitiese denkpatroon waarvan die vernietigende effek op die Westerse geskiedenis en sosiale gedrag selde, indien ooit, raakgesien is. In die akademie, die sendinggeskiedenis, die Westerse imperialisme en kolonialisme het die apokaliptiese mite van onskuld en mag deurentyd sy aaklige invloed laat geld. In die hedendaagse VSA word dit nog steeds gesien nie net in die populêre verhaalstrukture van die Lone Ranger, Superman of Star Trek nie, maar ook in die optrede van Washington self. Mack (1988:374) wys uit dat al hierdie stories redding in die hande van 'n onskuldige/rein en suiwer-altruïstiese man/volk plaas wat oor buitengewone mag beskik. Hy/hulle het altyd die reg om in te gryp in die sake van ander (selfs gewelddadig), omdat hy/hulle die regte waarheid het waartoe die ander hulle moet bekeer. Die patroon van heroïese optrede is dieselfde as dié van Markus se Seun van die Mens: daar is nie veel verskil tussen the 'Lone Ranger with his silver bullet coming into a town unable to solve its problems' en Markus se 'Jesus with the power to cast out demons coming into a world unable to solve its problems' (Mack 1985:304). Wanneer die twee langs mekaar geplaas word, begin Jesus inderdaad lyk soos 'a captain with a gun, zapping resident aliens that obstruct his vision' (Mack 1989:5). In plaas daarvan om die mite te bevraagteken, versterk die populêre verhale en Washington eerder die Amerikaanse mentaliteit van selfregverdiging ten koste van ander. En die volgehoue verkondiging van die evangelie van 'n onskuldige en magtige held ondersteun die voortsetting van hierdie mite — 'n mite wat nie van hulp is om te reflekteer oor magsverhoudinge in 'n post-moderne samelewing nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die apokaliptiese evangelie is volgens Mack (1988:372) *NIE* goeie nuus vir 'n multikulturele wêreld nie, aangesien dit ons nie net verhoed om ons eie swakhede te herken nie, maar ook om ander in hulle andersheid te waardeer. Maar dit is veral die kombinasie van mag en onskuld in een persoon wat 'n gevaarlike model is om in ons tyd te probeer naboots: 'The great man view of history, mythicized according to the gospel of redemption, results in a justification of violence if the power to smash the enemy is placed in the hands of the perfectly pure and righteous ruler' (Mack 1988:373). 'n Veel beter alternatiewe mite vir ons tyd vind Mack in die einde van die Arthur-legende: Wanneer koning Arthur se pure Camelot — setel van sy mag — in 'n bloeddeurdrenkte slagveld verander, leer hy in sy sterwensuur omring deur lyke die waarheid wat ons almal behoort te leer: daar is geen messiasse nie, geen onskuldige partye nie. En hy gee opdrag aan Bedivere, die enigste oorlewende, om die onsigbare swaard wat uiteindelik niemand kon red nie, terug te gooi in die meer vanwaar dit gekom het — buite die bereik van mense. Bedivere talm 'n paar keer, maar doen dit tog uiteindelik. Dit is hierdie anti-messiaanse en anti-apokaliptiese handeling, meen Mack, wat ons behoort na te volg eerder as Markus se onskuldige en magtige Seun van die Mens. Hy sluit sy boek, *A myth of innocence*, met die volgende konklusie af:

> 'There are no messiahs.' It may be time to give up the notion. Neither Mark's fiction of the first appearance of the man of power, nor his fantasy of the final appearance of the man of glory, fit the wisdom now required. The church canonized a remarkably pitiful moment of early Christian condemnation of the world. Thus the world now stands condemned. It is enough. A future of the world can hardly be imagined any longer, if its redemption rests in the hands of Mark's innocent son of God.
>
> (Mack 1988:376)

## 3. VAN DIVERSE OORSPRONGE TOT GEREDUSEERDE EINDPRODUK EN TERUG: DIE ONTKANONISERING VAN DIE CHRISTELIKE BYBEL AS ETIESE NOODSAAKLIKHEID

In sy nuutste boek, *Who wrote the New Testament? The making of the Christian myth* (1995), pleit Mack vir 'n rasionele, publieke debat wat die subtiele houvas van die Bybel op die Amerikaanse kultuur kan blootlê, die mistiese fassinering daarvan krities kan verstaan en die relevansie daarvan opnuut kan deurdink. Die magiese invloed van die Christelike Bybel is duidelik vanaf die ouma wat 'n orakelvers vir die dag soek, deur die predikant/priester/pastoor en teoloog heen wat dit met moeite analiseer met die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

oortuiging dat dit 'n antwoord op alle hedendaagse probleme kan bied, tot by die sekulêre forum waar dit aangehaal word om te beslis oor sosiale en wetlike kwessies soos aborsie, die doodstraf, homoseksualiteit, feminisme en rassekwessies. Dat die Bybel 'n belangrike komponent vorm van die mitiese fundering waarop die Amerikaanse samelewing gebou is, blyk ook verder uit die prominensie daarvan in argitektuur, kuns, letterkunde en musiek, sowel as die rol wat dit in die Amerikaanse sosiopolitiese geskiedenis gespeel het: vanaf Columbus se koloniale verowerings met die Bybel as kaart in die hand en die gepaardgaande onderwerping van Indiane, tot by die regverdiging van slawerny en rasse-segregasie.

Die oorsaak vir hierdie mentaliteit vind Mack in die binêr-hiërargiese denkpatroon wat ten grondslag van die Christelike Bybel lê. Hiervolgens word die nuwe verhef bo die oue en word die oue as minderwaardig en behoeftig aan korreksie tot die nuwe geag. Die allegoriese uitleg van die sogenaamde 'Ou Testament' is 'n voortreflike illustrasie van die strategie. Die enigste manier waarop Christene Israel se heroïese geskiedenis vir hulleself kon opeis, was deur te probeer redeneer dat die God van Israel hulle al die tyd in gedagte gehad het. Vir hierdie doel moes hulle die Joodse profesieë op hulleself toepas en die Hebreeuse geskrifte allegories uitlê — 'n truuk wat ongeveer enige verband moontlik maak: 'One can ask any question ... turn the handle round and round, and get some kind of answer. If the first answer does not appear to be helpful, the handle can be cranked again until the right answer appears' (Mack 1995:299). As dit egter die enigste manipulering was wat by allegoriese uitleg gevolg is, sou Mack nie so bekommerd gewees het nie. Die probleem lê veel eerder vir Mack in die feit dat 'n onewe magsverhouding ten grondslag van die allegoriese metode lê, wat die eie sogenaamde nuwe, perspektief altyd verhef ten koste van die oue en gevolglik 'n houding van meerderwaardigheid kweek aan die kant van die eie groep, wat sending as noodsaaklike opdrag ervaar. Hierdie onderskikkende tegniek word reeds deur Paulus gebruik om die noodsaak van die Jode se bekering tot die Christendom te begrond. So kan hy byvoorbeeld met 'n belaglike argument die *sperma* van Abraham op Christus eerder as Israel betrek, en hom as *telos* van die geskiedenis die bekering van almal (Jode ingesluit) tot sy versie van die Christendom voorstel. Die prinsipe van binêre hiërargie is eweneens duidelik uit die wyse waarop die Christelike Bybel deur die Konstantynse kerk gestruktureer is: In die proses om Israel se epos hulle eie te maak, het hierdie Christene die volgorde van die Hebreeuse boeke verander deur in plaas van die Geskrifte laaste te plaas, eerder met die Profete te eindig sodat hulle self direk daarna as vervulling van die Ou-Testamentiese profesieë kon verskyn!

'n Tweede insig wat die konvensionele beskouing van die Bybel as geïnspireerde Woord van God bevraagteken, fokus op die sosiale kragte en gepaardgaande mite wat 'n rol gespeel het in die seleksie van dokumente om 'n Christelike kanon te vorm. 'n Histories-kritiese ondersoek van die Nuwe Testament toon dat die biskoppe van die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

tweede tot vierde eeu 'n geringe versameling van Christelike dokumente ingesluit het in vergelyking met wat beskikbaar was. Die belangrikste kriterium vir seleksie was gebaseer op 'n mite van apostoliese kontinuïteit wat hulle as gesaghebbende erfgename van 'n suiwer leer sou voorstel. Handelinge se simplistiese voorstelling van die vroegste kerkgeskiedenis sou byvoorbeeld hierdie doel dien:

> Luke (in Acts — JS) purposefully left out of account the many different varieties of Christian experimentation that were still accumulating during his time. But his monolinear history could be used to great advantage as the bishops of the church worked out their own ideological and institutional arrangement. Luke's (simplistic presentation of — JS) history became the official account precisely because of its apostolic mythology.
>
> (Mack 1993:234)

Dit het aan die biskoppe 'n sentristiese mite gebied wat diversiteit sou reduseer en hulle begeerte kon regverdig om 'n universele kerk te vestig — 'n mite wat inderdaad diepgaande invloed op die Christelike mentaliteit uitgeoefen het tot vandag toe. Dit is juis die ekspansionistiese konsekwensies van hierdie mite wat vir Mack so problematies is. Hoewel dit moeilik is om mens se eie mitologie raak te sien en verontrustend — selfs gevaarlik — kan wees om mens se eie mites te bevraagteken, is dit volgens Mack ons morele plig om dit in hierdie geval te doen. Mack herinner ons aan Suid-Oos Asië waar sendelinge plaaslike mites verkleineer het om hulle eie as enigste waarheid te vestig. Of aan sy Sweedse voorouers wat veel vroeër met 'n mes teen die keel hulle tot die Christendom moes bekeer: 'What do you suppose they thought when they first learned about Adam and Abraham and the Christ, and then discovered that their own ancestors, heroes and gods would now have to lurk in the shadows as demigods and forest spirits?' (Mack 1995:295). Mack meen dat ons doodeenvoudig nie meer hierdie aspek van die Christelike mentaliteit kan bly handhaaf in 'n post-moderne, multikulturele samelewing, soos wat konvensionele sienings van die Bybel as Woord van God steeds probeer doen, nie. Die wêreld aan die einde van die twintigste eeu het toe anders geëindig as wat die Christelike epos gehoop het: in plaas van 'n samelewing waarin almal Christene sou word, het ons eerder geëindig by 'n ideaal van multikulturele verdraagsaamheid. Die mentaliteit van die Christelike Bybel sluit doodeenvoudig te veel stemme uit en die binêr-hiërargiese rasionaal ten grondslag daarvan het onaanvaarbaar geword:



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> Now the world is too much with us. And it is multicultural. The many peoples of the world have found their voices, and many have taken up residence among us. Most are not enamored with the Christian mission, or impressed with the history of Western colonization, use of power, and forms of control. Although participation in the markets of a growing global economy appears to be irresistible, the drive to preserve ethnic identities and cultural traditions is resurgent and strong. Recognizing that the world is full of many differing cultures and ways of thinking is the signature of belonging to the postmodern age .... When one sees that there have been many ways in which people have structured workable societies, developed complex languages, worked out comprehensive symbol systems, ranked ethical and practical values, and coded behavior appropriate to a sustainable society, the postmodern view of our multicultural world is difficult to reject. It is no longer possible to think that only one worldview must be right.
>
> (Mack 1995:305-306)

## 4. KONKLUSIE

Ek sou kon afsluit deur Mack se mitekritiek te vergelyk met dié van John Dominic Crossan. In sy resente boek, *Who killed Jesus? Exposing the roots of anti-Semitism in the Gospel story of the death of Jesus* (1995), redeneer Crossan dat die wortels van anti-Semitisme na die Nuwe-Testamentiese lydensvertellinge teruggevoer kan word. Hoewel die lydensvertellinge self nie as anti-Semities (dws, rassisties) getipeer kan word nie, vertoon die evangeliese tradisie wel 'n toenemende anti-Joodse tendens deurdat die skuld vir Jesus se dood weg van die Romeine en na die Jode verskuif word. Die rede vir hierdie projeksie lê duidelik in die binne-Joodse konflik tussen kerk en sinagoge, waarin relatief-magtelose Christene hulleself probeer regverdig het teen die verwerping van die sinagoge. Die tweede-eeuse apologete intensiveer die anti-Joodse polemiek in die *adversus Joudaeos*-literatuur en onder die Konstantynse staatskerk voorspel die nuwe magsposisie gevaar vir almal — vir Jode, natuurlik, maar ook vir heidene en afvallige Christene. In Toulouse van die 9de tot 11de eeu kan 'n Jood nog op Goeie Vrydag in die kerk teen die wang geklap word en hom bekeer. Maar onder Hitler help bekering nie meer nie, aangesien almal van die Joodse ras nou as 'Christkillers' gereken word en die dood verdien. Die ontwikkeling is dus duidelik: vanaf 'n intra-Joodse polemiek in die evangelies, deur 'n anti-Judaïstiese polemiek in die tweede eeu, tot by 'n anti-Semitistiese verskrikking in one eie eeu.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die ironie lê daarin dat oorspronklike stories van lyding mense uitgestuur het om ander te gaan doodmaak. Crossan beskou dit as sy morele plig om as akademikus die vroeg-Christelike mite van Joodse skuld aan Jesus se dood as latente potensiaal van latere anti-Semitisme bloot te lê, dit eksplisiet by die naam te noem, en te veroordeel as 'n leuen wat nooit herhaal durf te word nie:

> The passion-resurrection stories ... have been the seedbed for Christian anti-Judaism. And without that Christian anti-Judaism, lethal and genocidal European anti-Semitism would have been either impossible or at least not widely successful. What was at stake in those passion stories, in the long haul of history, was the Jewish holocaust.
>
> (Crossan 1995:35)

Sy boek is 'n poging om die aanvanklike gebeure rondom die dood van Jesus histories-krities te konstrueer as 'n poging om die mite van kollektiewe Joodse skuld aan Jesus se dood te ontkragtig. Jesus was self 'n Jood — 'n laer-klas Jood wat deur die Romeinse imperialiste gekruisig is, in samewerking met hoër-klas Jode, weens sy kritiek op klasse-eksploitasie en praktisering van 'n egalitêre program. Die skep van die mite was 'n latere ontwerp van die kerk as 'n reaksie op die verwerping van die sinagoge.

Ek sou ook kon afsluit deur, in plaas van Mack langs 'n resente analise soos dié van Crossan te plaas, eerder twee eeue terug te beweeg na die satires van Voltaire (1694-1778) as vergelykingspunt. In sy *Preek oor bygeloof* neem hy sterk standpunt in teen 'n fanatiese mentaliteit wat die eie standpunt verabsoluteer tot bloedige nadeel van opponente. Hy vra hoe dit moontlik kan wees dat teoloë God as 'n koning kon voorstel, en antwoord dat dit toegeskryf kan word aan die politieke sisteme wat mense geskep het: 'As soon as we made God in our own image, the divine cult was perverted ... and so, when the earth was covered with tyrants, God was regarded as the first of tyrants' (Voltaire 1994:114-115). Dit is hierdie 'bygeloof' wat die begeerte om te domineer voed, wat God 'n koning maak en mense uitnooi om konings te word, reken hy, wat uitgeroei moet word. Hy waarsku dat so 'n houding van uitsluitlike selfregverdiging vir die eie groep met Goddelike sanksionering, katastrofale etiese gevolge inhou:

> The man who says to me, 'Believe as I do, or God will damn thee,' will presently say, 'Believe as I do, or I shall assassinate thee.' ... what would happen if, in an assembly of all these sectaries, each thought himself authorised by the divine spirit to secure the triumph of his opinions?



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> See you not the swords drawn, the gibbets raised, the fires lit, from one end of Europe to the other? Who is right in this chaos of disputes? Surely the tolerant and beneficent. Do not say that in preaching tolerance we preach indifference.
>
> (Voltaire 1994:123-124)

En oor hoe hierdie deug van verdraagsaamheid beoefen moet word, gee Voltaire vir ons die volgende satiriese raad in sy *Preek oor die interpretasie van die Nuwe Testament*:

> Cast off all superstition, and be more humane. But when you speak against fanaticism, anger not the fanatics; they are delirious invalids, who would assault their physicians. Let us make their ways more gentle, not aggravate them. And let us instil, drop by drop, into their souls that divine balm of tolerance which they would reject with horror if offered to them in full.
>
> (Voltaire 1994:144)

'n Derde strategie om Mack se gedagtes verder te deurdink, sou wees om dit in verhouding tot die godsdienskritiek van Nietzsche, Freud, Marx, of Bertrand Russell te plaas. Dit is in elk geval duidelik dat Foucault se denke oor magsverhoudinge hom diep beïnvloed het, maar watter implikasies sou iemand soos Jean Baudrillard se kritiek op postmodernisme inhou vir 'n dialoog met Mack? Al sulke dialektiese vergelykings sou inderdaad belowend wees om die gesprek met Mack verder te voer. Maar aangesien so 'n sistematiese ondersoek meer uitgebreid en deurdag moet wees as wat ek hier kan bied, sluit ek voorlopig af met enkele gedagtes van Poolse digters.

Ek het die essay begin met 'n aanhaling van Chomsky wat die dringendheid van 'n sistemiese analise van en kritiek op die Amerikaanse kultuur beklemtoon. Ek het Mack se argument oor die mitiese fundering van die Amerikaanse mentaliteit onder drie hoofde opgesom. Ek vind dit sinvol, as 'n aansporing om oor ons eie situasie te besin, om hierdie Amerikaanse siening langs dié van die Poolse digter Adam Zagajewski te plaas. In sy poësie pleit hy dat die ganse asemrowende pluraliteit van die wêreld ingeasem moet word, maar waarsku hy tegelykertyd teen 'n uitbarsting van bewondering vir hierdie fundamentele veelvoud — aangesien ook dít besmet kan wees met onreg en kwaad (vgl Baranczak se bespreking, in Baranczak & Cavanagh 1991:12-13). Nadat



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

die kommunisme in 1989 in Pole tot 'n einde gekom het, maak hy die volgende introspektiewe opmerking oor 'n fout van kritiese stemme in die ou era wat nie in die nuwe herhaal moet word nie — in elk geval nie deur enige verantwoordelike digter nie:

> (Antitotalitarianism depended) on placing all the world's evil in one place: totalitarianism .... They, the totalitarians, are evil. We are good and innocent .... They keep us enslaved, we oppose them .... Antitotalitarianism at its best and noblest tempts me with unreality, the unreality of the good .... But I am incapable of being just pure and just good. I know that I live in the throes of contradictions, in constant tension, ambiguity .... I want to think against myself, against us, and not just against them.
>
> (Vendler, in Baranczak & Cavanagh 1991:xx-xxi)

Die pleidooi vir 'n anti-apokaliptiese en anti-messiaanse visie breek egter vir my die duidelikste deur in 'n gedig van die Poolse digteres Wislawa Szymborska, wenner van die 1996 Nobelprys vir letterkunde. Ek lees die aanhaling as die mees-gevatte opsomming van en kommentaar op Mack se argument:

*The Century's Decline* (ook vertaal as: *The End of the Century*)

Our 20th century was going to improve on the others.
It will never prove it now,
now that its years are numbered,
its gait is shaky,
its breath is short.

Too many things have happened
that weren't supposed to happen,
and what was supposed to come about,
has not.

... God was finally going to believe
in a man both good and strong,
but good and strong
are still two different men.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

'How should we live?' someone asked me in a letter.
I had meant to ask him
the same question.

Again, and as ever,
as may be seen above,
the most pressing questions
are naive ones.

(Wislawa Szymborska, uit: *The People on the Bridge* (1986), in Szymborska 1995:147-148).

**Literatuurverwysings**


Baranczak, S & Cavanagh, C 1991. *Polish poetry of the last decades of communist rule: Spoiling cannibals' fun*. Evanston: Northwestern University Press.

Chomsky, N 1988. *Manufacturing consent: Noam Chomsky and the media*. A film by Marc Achbar and Peter Wintonick.

Crossan, J D 1995. *Who killed Jesus? Exposing the roots of anti-Semitism in the Gospel story of the death of Jesus*. San Francisco: Harper.

Mack, B L 1985. The innocent transgressor: Jesus in early Christian myth and history. René Girard and Biblical Studies. *Semeia* 33:135-165.

——— 1988. *A myth of innocence: Mark and Christian origins*. Philadelphia: Fortress.

——— 1989. Innocence and power in the Christian imagination. Occasional papers of the Institute for Antiquity and Christianity. Claremont: Institute for Antiquity and Christianity.

——— 1993. *The lost Gospel: The book of Q and Christian origins*. San Francisco: Harper.

——— 1995. *Who wrote the New Testament? The making of the Christian myth*. San Francisco: Harper.

Szymborska, W 1995. *View with a grain of sand: Selected poems*, tr from the Polish by Stanislaw Baranczak & Clare Cavanagh. Kent: Faber & Faber.

Voltaire, A de 1994. *A treatise on toleration and other essays*, tr by J McCabe. New York: Prometheus Books.




Digitised by the University of Pretoria, Library Services